View in browser

SAPPA

ISSUE 50 | 17 June 2026

Inhoud/Contents



- Junie Oesskatting
- 2026 Harvest Progress Ahead of Previous Seasons
- Die Tweestryd tussen Gewasbeskerming en Voedselveiligheid
- SAPPA Kultivargids nou Beskikbaar
- Landbou Doen dit Self (Landbouweekblad Artikel)
- Wees op die Uitkyk vir Bruin Sitrus Dopluis
- SAPPA se Yield Predictor nou Beskikbaar
- Moving Forward with Good Agricultural Practice
- Nickel MRL Update – European Union


# Junie Oesskatting

SAPPA se Junie oesskatting projekteer ’n nasionale oes van ongeveer **54 500 ton**, met ’n verwagte band tussen **51 800 ton en 57 200 ton**.

Histories word ongeveer 90% van die oes in-dop uitgevoer.

## 2026 Harvest Progress Ahead of Previous Seasons




The 2026 pecan harvest is off to a very strong start, with participating processors having already received more than 10,000 tons by week 24.

At this stage, the received tonage are tracking ahead of the pace recorded in 2022, 2023, 2024 and even the record 2025 season.

While it is still early in the harvest period, the current intake trend suggests another substantial crop and highlights the continued growth of the South African pecan industry.

---

## Die tweestryd tussen gewasbeskerming en voedselveiligheid

Die volgende artikel deur **JP Hartman, 'n erkende kenner op die gebied van gewasbeskerming, residubestuur en marktoegangsvereistes met dekades se ervaring in die Suid-Afrikaanse uitvoerbedryf**, bespreek die belangrike balans tussen gewasbeskerming en voedselveiligheid.

Gewasbeskermingsmiddels speel ’n kritieke rol in moderne landbou deur opbrengsverliese te beperk en voedselproduksie te ondersteun. Terselfdertyd word

die veiligheid van residue op voedsel wêreldwyd toenemend bevraagteken. Die artikel verduidelik hoe maksimum residuvlakke (MRV's) deur streng wetenskaplike prosesse en met groot veiligheidsmarges vasgestel word om verbruikers te beskerm, terwyl dit ook internasionale handel moontlik maak.

Daar word verder gekyk na belangrike regulatoriese ontwikkelinge, insluitend voorgestelde EU-veranderinge wat invoertoleransies vir sekere gewasbeskermingsmiddels kan beïnvloed, asook Suid-Afrika se verbintenis om hoogsgevaarhoudende produkte teen 2035 uit te faseer. Die kernboodskap is dat die bedryf die balans tussen noodsaaklikheid en risiko verantwoordelik moet bestuur en duidelik moet kommunikeer.

**Lees die volle Artikel HIER**

---

# SAPPA Kultivargids Nou Beskikbaar




SAPPA stel met trots die **Pekanneut Kultivargids** bekend.

Hierdie omvattende gids bevat hoë-resolusie foto's van pekanneute, kern en deursnitbeelde, tesame met afmetings en beskrywings van die verskillende kultivars.

Die publikasie is spesifiek saamgestel om produsente te ondersteun met die identifikasie van pekanneutkultivars in die veld en tydens oes.
Deur die kombinasie van visuele verwysings en beskrywende inligting word produsente beter toegerus om moontlike kultivars te identifiseer en van mekaar te onderskei.

Ons versoek vriendelik dat die gids slegs vir plaaslike gebruik aangewend word en dat geen elektroniese weergawes met kliënte of ander eksterne partye gedeel word nie.

Daar bestaan 'n risiko dat internasionale kopers neute teen die foto's in die gids kan vergelyk en moontlik vragte afkeur indien die produk nie presies soos die verwysingsfoto's voorkom nie.

Die gids is uitsluitlik bedoel as 'n hulpmiddel vir kultivaridentifikasie en nie as 'n kommersiële kwaliteitsverwysing nie.

Gedrukte bindels van die kultivargids is beskikbaar by beide SAPPA-kantore:

**Leilani**
E-pos: admin@sappa.za.org
Tel: 021 250 1692
**Hardus**
E-pos: hardus@sappa.za.org
Tel: 083 465 6522

Ons vertrou dat hierdie gids 'n waardevolle hulpmiddel vir produsente sal wees en sal bydra tot beter kultivarkennis binne die bedryf.

---

# Landbou doen dit self

*Dié rubriek het oorspronklik in Landbouweekblad verskyn, in die uitgawe van 28 Mei-4 Junie 2026.*

Statutêre heffings speel ’n belangrike rol in die finansiering van navorsing, markinligting, uitvoerbevordering en transformasie in die Suid-Afrikaanse landbou.

Volgens die Nasionale Landboubemarkingsraad is meer as R1,1 miljard in 2025 deur bedrywe ingevorder, waarvan byna die helfte aan navorsing bestee is. Johan Willemse verduidelik hoe hierdie stelsel werk, waarom dit noodsaaklik is vir die mededingendheid van landboubedrywe, en watter rol bedryfstrusts speel in die befondsing van belangrike dienste.

Lees die volledige artikel vir ’n interessante perspektief op die waarde van bedryfsheffings en selfbefondsing in die landbou.

Lees die volle Artikel HIER

## Wees op die uitkyk vir Bruin Sitrus Dopluis



Oor die afgelope paar maande is ons verskeie kere gekontak oor infestasies van Bruin Sitrus Dopluis op pekanneutbome. Hierdie plaag kom normaalweg slegs sporadies op pekans voor en word meestal net op enkele lote van 'n boom aangetref. Die huidige seisoen se groei word hoofsaaklik aangeval.




Hou bome veral gedurende die oestyd fyn dop. Indien dopluise waargeneem word, kontak u gewasbeskermingsagent om moontlike beheeropsies te bespreek. Geen beheermaatreëls kan egter toegepas word voordat die oesproses afgehandel is nie.

'n Groot aantal miere wat aktief in die boom voorkom, kan ook 'n aanduiding van 'n dopluisinfestasie wees, aangesien miere die heuningdou versamel wat deur die dopluise afgeskei word.

Sien die foto's hier bo vir voorbeelde van hoe hierdie klein plaag op pekanlote voorkom.

## SAPPA se *Yield Predictor* nou beskikbaar

SAPPA is baie opgewonde om ons nuwe aanlyn opbrengsvoorspeller aan produsente bekend te stel. Die model is ontwerp om produsente 'n vinnige en praktiese skatting van opbrengs per boom en per boord te gee op grond van veldmetings soos lootgetalle, neutgetalle, boomvorm en boomgrootte.




Ons nooi produsente uit om met die toep te speel, dit in verskillende boorde te toets en die funksies te verken. Die webtoep is beskikbaar in beide Afrikaans en Engels, en die taal kan maklik regs bo verander word. Ons moedig gebruikers ook sterk aan om die Help-afdeling regs bo oop te maak, waar stap-vir-stap verduidelikings beskikbaar is oor hoe om die toep en veldmetings korrek te gebruik.

Dit is belangrik om te noem dat die model nie noodwendig op hierdie stadium 100% akkuraat vir elke boord of kultivar gaan wees nie. Die huidige model is gebou op beskikbare data, en soos ons meer inligting van produsente ontvang, sal die model verder "leer" en verbeter word. Hoe meer data ons as bedryf kan insamel, hoe beter en meer akkuraat sal die voorspeller met tyd word.

Ons wil produsente daarom aanmoedig om hul Excel-uitvoere van die toep te stoor. Wanneer die boord later geoes word, vul asseblief die werklike opbrengste op dieselfde sigblad in en stuur dit aan SAPPA terug. Hierdie terugvoer sal 'n groot rol speel om die model te verfyn en uiteindelik waarde vir die hele bedryf te skep.

Alle data wat in die toep ingevoer word, bly heeltemal vertroulik. Geen data word op SAPPA se databasis gestoor nie. Die enigste manier waarop SAPPA toegang tot die data kan kry, is indien produsente self besluit om hul Excel-lêers of resultate met ons te deel.

Die skakel na die model kan gerus gekopieer en via WhatsApp of e-pos met ander produsente gedeel word:
SAPPA Yield Predictor

**SAPPA Yield Predictor**

---

## Moving Forward with Good Agricultural Practice (GAP)

This is the second article in our GAP series and focuses on food safety risks in pecan production and why Good Agricultural Practice is becoming increasingly important for local and export markets.

Although pecans are generally considered a low-risk commodity due to their low moisture content and protective shell, food safety hazards can still occur throughout the production cycle. Biological hazards such as Salmonella and E. coli, physical contaminants such as stones or metal fragments, and chemical hazards including crop protection residues can all pose risks if not properly managed.

Potential sources of contamination include irrigation water, wildlife and livestock, manure applications, equipment, employee hygiene, neighbouring farming activities, and prolonged contact between nuts and wet soil during harvest. Implementing GAP helps producers identify and minimise these risks, supporting food safety, market access, and compliance with increasingly stringent customer and regulatory requirements. It also ensures processors and consumers receive a safer product, particularly as many pecan products undergo limited pathogen reduction during processing.

While pecans have not been associated with foodborne illness outbreaks to the same extent as some other tree nuts, the industry cannot afford to be complacent. Prevention starts in the orchard and remains a shared responsibility throughout the value chain.

Read the full article for a detailed discussion of food safety hazards in pecan production and the role of GAP in reducing risk.

**Read the Full Article HERE**

---

## Nickel MRL Update – European Union

The proposed increase in the EU nickel maximum level (ML) for pecans has been delayed after Member States failed to reach agreement on a temporary enforcement approach.

The European Commission has indicated that it hopes to complete the necessary internal procedures as soon as possible to allow a formal vote on the ML increase. Unless an extraordinary meeting is called, the matter is now expected to be considered at the next SCOPAFF meeting on 25 September 2026.

SAPPA will continue to monitor developments and keep the industry informed.

---

## SAPPA Greetings / SAPPA Groete

SAPPA

**SAPPA**

Berlyn Sentrum (PTY) LTD, 7646, Paarl

Unsubscribe